

Getuienis op Hervormingsdag, 31 Oktober 2024

“Want die verlossende genade van God en die goedheid en menseliefde van God, ons Verlosser, het vir alle mense verskyn...”
(Titus 2:11, 3:4)

Die Moderamen van die Algemene Sinode van die NG Kerke in Suider-Afrika (ASM) het van 29 tot 31 Oktober 2024 te eMseni in Gauteng vergader, diep onder die indruk van die tyd en omstandighede waarin ons as gelowiges en ons gemeentes leef. Dit is dertig jaar ná die historiese oorgang van ons land na ‘n demokratiese bestel vir alle mense wat hier woon; dertig jaar ná die “Versoeningsinode” van die NG Kerk in 1994. Dit is twee eeue ná die eerste “Algemene Kerkvergadering” van 1824, die begin van ons verband van familiekerke in Suider-Afrika. Ons het óók byeengekom in ‘n landskap geteister deur groot droogte én vloed, ‘n konteks van oorvloed én gebrek, ‘n land geteister deur misdaad en geweld, ‘n wêreld waarin sommige vryheid geniet en ander verdrukking en onvoorstelbare lyding.

In hierdie omstandighede, wil ons getuig –

- 1) dat die Bybel vir ons God se Woord is, die Skrif, waardeur ons die Naam van God leer ken het, sy genade en liefde, en waarin ons hier en nou sy roepstem tot ons hoor kom, gesagvol en bevrydend vir ons ganse lewe; dit is sy geïnspireerde Word wat ook deur sy Gees vir ons lewendgemaak word – dít was die besluit van die Algemene Sinode 2023;
- 2) dat Jesus Christus die hart van God se openbaring aan ons is; die Eersgeborene van die Skepping, die hart van die Skrifte, die Eersgeborene uit die dood (Kolossense 1:13-20) – soos wat Paulus oor sy verskyning aan Titus skryf (2:11, 3:4) en soos wat ons in die Credo van Nicea bely dat Hy God uit God, Lig uit Lig is, mensgeword het, gely het, gekruisig en gesterf en opgestaan het ter wille van ons, die mense, en dat ons met die verwagting leef dat Hy wéér só aan ons sal verskyn (Titus 2:13);
- 3) dat Jesus se boodskap dié was van God se koninkryk wat in hierdie wêreld deurbreek, vir alle mense; ‘n koninkryk waarin geregtigheid, genade en liefde, barmhartigheid en vrede woon en die herskepping in Christus ‘n konkrete werklikheid maak;
- 4) dat ons as NG Kerke daarom ‘n roeping het om in ons huidige omstandighede in Suider-Afrika getuies van die koninkryk van God te wees, deur ons verkondiging van die Evangelie, die bediening van versoening en aan die hoop wat in ons leef konkrete gestaltes te gee;
- 5) dat ons daarom verbind is –
 - a. om deur konstruktiewe gesprekke in gemeentes, ringe en sinodes vrede en versoening in ons eie geledere na te streef, en ons eenheid in Christus in ons ryke verskeidenheid as NG Kerke, te bevestig, te herstel en te versterk;
 - b. om in nederige afhanklikheid van die Gees van God, te soek na die herstel van ons gereformeerde familieverband met die VGKSA, die NGKA en die RCA, en

óók met die Hervormde- en Gereformeerde Kerke in Suider-Afrika – ons almal, wat die nageslag is van daardie eerste Algemene Kerkvergadering van 1824;

- c. om dankbaar vir God se genade, ons plek in te neem in die breër ekumeniese familie van Christelike kerke in Suider-Afrika, soos wat dit in die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke ontmoet en tot uitdrukking kom, ook in gesamentlike getuienis en projekte te verligting van nood in ons samelewing;
- 6) en daarom wil ons teenoor alle owerhede in ons lande – ook gehoorsaam aan Paulus se opdragte aan Titus (3:1-2) – getuig dat ons deel wil wees van plaaslike-, provinsiale- en nasionale gesprekke oor lewe in ons lande, omdat ons nie oor die kwessies van geweld, misdaad en korrupsie, ontsaglike armoede en werkloosheid, die uitputting van bronne en die nood van klimaatsverandering en 'n sugtende skepping durf swyg nie en 'n hoopgewende verskil wil maak; en
- 7) as ons dít oor ons eie konteks hier getuig, ons ook nie kán swyg oor geweld, oorloë en vernietiging wat in ander wêrelddele woed – in die Oekraïne, die Midde-Ooste, Sudan, Nigerië en ook in ons subkontinent – en wil ons ons stem spesifiek voeg by die noodkreet wat na God opstyg oor die verskriklike lyding wat in Palestina losgebars het; ons pleit vir 'n skietstaking; ons pleit vir 'n blywende oplossing waardeur geregtigheid en die landskap kan herstel; ons distansieer ons van enige ideologie wat in die naam van godsdiens onreg, haat, ellende en dood saai.

Ons getuienis op hierdie Hervormingsdag, kom in die gees van die Reformasie – van die Skrif, genade, geloof, Christus en die eer van God alleen – eerstens as 'n wekroep tot onself, as NG Kerke; dit roep ons op tot selfondersoek en diepe verootmoediging; tot 'n belydenis dat ons óók aandadig is aan vervreemding en verdeeldhede; tot 'n verbintenis aan die hoop en vernuwing wat deur die verskyning van Christus 'n werklikheid gemaak is:

*“Want die verlossende genade van God het verskyn vir alle mense,
en voed ons op,
sodat ons in hierdie bedeling
verstandig,
regverdig,
en toegewyd kan leef,
terwyl ons uitsien na die salige hoop en glansryke verskyning van God,
en ons Verlosser Jesus Christus.”
(Titus 2:11-13)*

31 Oktober 2024
eMseni.